# Lesing 109 – 9 Julie 2022- Die Laatreëns vir Dogter van Sion Bruid

Laaste openbaring en waarskuwings voor Paardekraal Geloftedag 16 Desember 2019

**8 Desember 2019**

In alle nederigheid en ootmoed bring ek hierdie waarskuwing vir ons volk.

Dit bevat min woorde maar spreek boekdele.

Vrydag-nag toe ek dit ontvang het en wakker geword het, het ek besef hoe weerloos mense gaan wees wanneer dit oor hulle gaan kom. Dit sluit elke een van ons in en die waarskuwing is vir almal, huisgenote, familie, vriende, kerke en plekke van aanbidding van die volk. Die kern van die boodskap is, **wat word vir die volk as die waarheid voorgehou in die evangelie van die Woord en wat doen die volk met die Waarheid wat hul wel ontvang ?**

As die volk valshede geleer word, sal daar bloed aan mense se hande wees en die **nag wat voorlê** sal 'n verskrikking vir hierdie leraars wees, so ook dié wat onverskillig staan teenoor die Waarheid.

Daarom is die boodskap vir almal en gee ek dit af sodat dit sal staan as 'n waarskuwing. Omdat ons nie die nag weet nie, wees gereed en gebruik hierdie tyd wat voorlê as 'n suiweringstyd sodat ons nie besoedel sal word nie - sodat wanneer daardie nag aanbreek elkeen reeds op die plek sal wees. Laat hierdie tyd vir ons die skeidingstyd wees.

Die **16 de Desember**, teenoor

Die feestyd van die 25 ste Desember

Die aanvang van die nuwe jaar.

Sodat wanneer die donker nag kom, die gehoorsames verseël sal wees.

Die droom-gesig van Eduard op 7 Desember 2019

"Ek hoor die woorde wat die **Boodskapper** uitspreek; die **eksamentyd is hier, is julle gereed om die eksamen te skryf, die tyd is hier. Die vraestel is Engels"**

"Maar die Boodskapper laat my stap na die volk om iets te aanskou. Ek sien baie tafels met kos daarop, lang rye en die volk is reeds besig om te eet. Daar is dié wat my 'n vuil bord aanbied - ek sien ook 'n skoon bord kom voor my en onderaan is 'n vuil bord. Toe stap ek tussen die tafels deur en skielik sien ek, al die kos is opgeëet, dis net 'n klein bietjie oorskiet wat nog oor is. Ek bekyk hierdie kos, dis waardeloos - soos droë stoppels in 'n bak lê dit daar met geen voedings-waarde - ook droë bleek wors wat lyk soos varkwors, drie spanspekke en dis onaangeraak.

Toe merk ek op, die volk het klaar geëet, en sit rustig en gesels asof niks verkeerd is nie en hulle wag. Ek sien ook 'n jongman staan tussen hulle en hy praat, maar niemand gee aandag nie."

Die meerderheid van ons volk kry **waardelose geestelike voedsel,** daarom is hul oë gesluit. Ook wil die meerderheid van die volk nie waardevolle geestelike voedsel eet nie. Daar **is** Geestelike leiers wat die Waarheid verkondig en daar **is ook** leiers wat die leuen verkoop, waardelose voedsel. Ook word ons volk deur hulle geslaan vir eie gewin. Hulle is nie herders nie, maar wolwe in skaapsklere en die volk sien dit nie raak nie en dié wat dit wel raaksien se knieë het lam geword. My volk! **raak stil voor Vader en laat toe dat Vader se Gees in jou hart spreek** en kom tot die Waarheid.

Maak seker, maak baie seker dat Vader se Gees in jou hart woon.

Bly in Sy Wil en Weë.

Bly weg van afgodery.

Kry jouself en jou geliefdes onder Beskerming van Hom.

Die vraestel is Engels, jou geskiedenis het jou geleer wat dit beteken.

Wees dus wakker.

Eduard

Goeie middag almal. Hiermee die finale weergawe van die instruksies deur verskeie mense ontvang vanaf JAHSHUA i.v.m. die aanloop tot Geloftedag:

Dag 1 tot 6 vier keer blaas in elke windrigting, begin by Noord (4 x 6 = 24 ouderlinge om die Troon van onse JAHWEH). Dan op die Sewende Dag 7 keer blaas sodat die Sewe Geeste of 7 Goddelike Eienskappe op EEN DAG VERENIG IN ONS; Die aankondiging van die Oorwinning van LIEFDE.

Die Wagte op die Mure van Gilgal in plek. Die Gilgal Steenlegging gekorrigeer. Die Muur verseël.

**Anelda: Herinner aan 52 Dae van bou aan Jerusalem se Muur op Herberg in 2008.**

Anelda: Ook is die lied Wagters op die heil'ge Mure tydens ons dae van Voorbereiding tot die Geloftedag gedurig aangewys in liedkeuses in lofsang.

Die aanloop tot Geloftedag is krities essensieel dat ons ons Aarde in ons wese, liggaam, siel sal suiwer. Die Geelperskereëns voorafgegaan. Anelda: Verwys na kalender Israel landbou kalender.

Met elke blaas moet die LIEFDE tot JAHSHUA weerklink **vanuit suiwer Liefdeslewenswyse en Oorwinning in Naasteliefde**. Alle sondige weë wat begaan is, moet gesuiwer word, met berou verootmoedig, regstelling van verkeerde dade en versoening. Onwetende sondes ook voor JAHSHUA se Voete gelê. HY skryf in die Sand en Die Gees/Wind/ Paardekraal kom waai dit weg. **Anelda: Sand verwys na die stof v.d. aarde/materie /huis op sand.**

Anelda: Wind verwys na Asem van Elohim/ Skeppergees - êrens verwys Job na "Wind/Gees in sy neusgate i.v.m. die Perd (kon dit nog nie vind nie)*

Ek ontvang van laas Donderdag af in my hart die volgende: "Die Dogter van Sion staar 'n Groot Toets vanuit MY in die gesig." (Anelda: Van hierdie Waarheid kan ek getuig. Ek staan ook tans voor 'n Toets uit Sy Hand. Mag ons waardig bevind word voor Hom! (**Maleagi 3:3**) Dan die Bekragtiging vanuit die Hoogste Gees, die Duif wat neerdaal ter Doop of Wassing met Sy Liefdesgees. Die oprigting van 'n Liefdesvolk deur die val van die mure van liefdeloosheid, valsheid en verdeling. **Anelda: Skeiding/verbreking**

> ***Maleagi 3:3*** *En Hy sal sit: 'n* ***smelter en suiweraar*** *van silwer, en Hy sal die seuns van Levi suiwer en hulle louter soos goud en soos silwer, sodat hulle aan JaHWeH in Geregtigheid 'n spysbydrae sal bring.*